
DIK WORS geborg deur DIGITAL EDEN








# KRY 'N GRATIS HIGHLEVEL STELSEL!

Die diesel agter die Dik Wors masjien is Digital Eden. Ons beveel aan dat jy hulle gratis nuusbrief propvol waarde geniet! ***HighLevel* is the world's most powerful and respected AI-powered business operating system. All the tools you need to capture, nurture and close new leads into bookings, sales, reviews and repeat customers!** Jy kan oneindige sub-stelsels oopmaak, en daar is 'n video kursus wat jou vinnig sal leer om dit te gerbuik. Gebruik HighLevel vir jou eie besgheid, of begin more jou eie agentskap wat verkoop aan klein besighede wat maandeliks betaal!

## MYDIGITALEDEN.COM 🚀

*Vir my mense.*

*Vir my taal.*




**Vertel jou vriende van**

**[www.dikwors.co.za](http://www.dikwors.co.za)**

Dik Wors, Vol. 1

Geskryf en saamgestel deur *Darra Hay*

Tikwerk en taalversorging deur *Lara Brink*

Illustrasies deur *Nicky Oosthuizen*

Bladuitleg en ontwerp deur *Alan Hayward*

©2020 Darra Hay & Digital Visual Collective

ISBN 978-0-620-8634-7

Borge en adverteerders steun hierdie poging om Afrikaans te bevorder en hoef nie noodwendig aan die inhoud van die boek gekoppel te word nie.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike toestemming van die uitgewer of kopiereghouer gereproduseer of in enige ander vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skryf- of bandopname, of deur enige ander stelsels vir inligtingsbewaring of –ontsluiting.

# INHOUD

Voorwoord

'n Pot Pouri van grappe

- Langes en kortes, soos 'n plaas-telefoonlyn
- Uit die mond van die suigeling...
- Gatiep en Gammat se dinge
- Die getroude lewe
- Dieremaniere
- Ai, die Blondines

Vertellings

- Die groen perd
- Aambeie in die jagveld
- Paultjie vat vrou
- Koos word haarkapper
- Eric het gedink

Nawoord

DIK WORS geborg deur DIGITAL EDEN

BEYERSKLOOF

beyerskloof.co.za

@Beyerskloof

@Beyerskloof_

@beyerskloof

# VOORWOORD

Hierdie pragtige taal van ons mag nooit, ooit ophou bestaan nie. Gelukkig is daar instansies en individue, wat veg vir die behoud en groei van Afrikaans. So is die jaarlikse Woordfees op Stellenbosch 'n goeie voorbeeld hiervan. Onder andere vind daar dan ook 'n kompetisie plaas om nuwe woorde te skep. Die wenwoorde word in die WAT opgeneem as amptelike Afrikaanse woorde. U mag met my verskil, maar een van die wenwoorde tydens die 2019-fees, is sekerlik die mees beskrywende en "pragtigklinkende" woord, wat tot nou toe geskep is. Dit is *koggelklofie,* wat die Engelse woord *cleavage* kan vervang... Mooi en baie beskrywend, nê? Dit is weereens 'n bewys dat ons taal nie hoef te stagneer nie, maar kan aanhou groei.

Sekerlik die belangrikste vereiste om 'n taal te laat voortleef, is om dit te praat. Dit is juis hier waar humor inkom. Ons Suid-Afrikaners se tonikum vir die lewe is humor, wat hoofsaaklik bestaan uit grappe en vertellings. Ons deel graag hierdie tonikum om die braaivleisvuur, asook tydens gesellige etes en byeenkomste. Goeie wyn en goeie kos, gepaard met goeie humor, is altyd 'n waarborg vir 'n onvergeetlike ervaring.

Ondanks alle genoemde pogings, is daar steeds kommer oor die voortbestaan van Afrikaans as spreektaal. Gevolglik het 'n paar maters, wie se vriendskap meer as veertig jaar gelede as Matiestudente begin het, besluit om iets daadwerklik daaraan te doen. So is Projek *Dik Wors* gebore. Hierdie boek vorm die ruggraat van die projek en ons publiseer oor die volgende vyf jaar elke jaar ‘n soortgelyke boek. Begin nou reeds om dit

te versamel en u gaan uiteindelik die trotse eienaar van 'n ensiklopedie van Afrikaanse humor wees, wat u vir u nageslag kan bewaar - 'n skatkis, waarop elke Afrikaanssprekende persoon trots sal wees. Weens die uiters bekostigbare verkoopprys van hierdie lekkerlees- en waarde vir geld boek, is *Dik Wors* die ideale geskenk vir al u gunsteling familie en vriende - selfs vir skoonma.

Die doel van die *Dik Wors*-boekreeks is om die derduisende Afrikaanssprekendes, wat daagliks om braaivleisvure en ander plekke op informele wyse saam kuier, te bereik, sodat ons mense nog meer in hul eie taal kan lag. Terselfdertyd wil ek hulle versoek, nee, by hulle pleit: Iewers in die volgende 111 grappe en vertellings gaan jy lag. Sonder om skielik 'n grapgat te wees, deel dit asseblief met tien ander mense. Deur die rimpeleffek van oorvertel, kan jy bydra dat die taal van jou hart meer gepraat word en dat ons meer in daardie taal sal lag. Projek *Dik Wors* werk ook effektief saam met ons land se hoërskole vir die verspeiding van hierdie boek.

Geniet u wors en vertel almal waar om dit te kry.

Volg ons op ***facebook.com/dikworsboek***


en verwys u vriende na ons webtuiste ***www.dikwors.co.za***

Wanneer u hierdie wors verorber het, lees ook die spesiale nawoord en word deel van 'n grootse poging.

Lekkerlees-groetnis.

*Darra*

DIK WORS geborg deur DIGITAL EDEN



# PROJEK DIK WORS

# DOELSTELLING

1. Bevorder Afrikaans as spreektaal deur die rimpeleffek van oorvertel.

2. Betrek skole by verspreiding.

   Projek *Dik Wors* bied ruim vergoeding as aansporing, asook om dankie te sê aan skole en onderwysers vir hul rol in die opvoeding van ons land se leiers van môre.

3. Befonds skolesport.



4. Skenkings vir liefdadigheid.

# DIK WORS

## Vol. 1

# DARRA HAY

DIK WORS geborg deur DIGITAL EDEN



# 'N POT POURI VAN GRAPPE

## LANGES EN KORTES, SOOS 'N PLAAS-TELEFOONLYN

1.

Die boer het 'n bok en 'n perd. Hierdie twee is beste maats. Hulle doen absoluut alles saam en is werklik onafskeidbaar. Op'n dag raak die perd siek. Hy bly lê en kan glad nie opstaan nie. Die veearts word ontbied. Hy ondersoek die perd en gee vir die boer 'n bottel pille, met die woorde: "Gee hom drie pille elke drie ure. Ek kom mos oor twee dae die melkkoeie ondersoek. As hy dan nog nie beter is nie, sal ek hom maar 'n inspuiting gee om hom uit te sit." Die bok hoor die gesprek. Elke dag pleit hy by die perd om op te staan, maar nee, die perd bly lê. Toe die veearts weer daar kom, ondersoek hy weer die perd en sê: "Nee wat, geen beterskap. Kom ons doen gou die koeie, dan kom spuit ek hom maar in en verlos hom van sy lyding." Toe hulle na die beeskraal stap, begin pleit die bok weer by die perd: "As jy nie opstaan nie, het jy nog 'n

uur om te lewe.  Wat gaan ek tog sonder jou doen?  Asseblief!  Staan op, my ou maat." Steunend beur die perd orent, terwyl die bok hom aanmoedig. Toe die perd staan, sê die bok: "Pragtig, my vriend.  Ek het geweet jy kan dit doen.  Stap nou."  En toe die perd dit regkry: "Pragtig.  Draf nou.  Daar's hy.  Vinniger, vinniger.  "Juis op daardie stadium kyk die boer oor die kraalmuur en sê:  "My maggies, die perd is gesond.  Ons moet iets doen om dit te vier. Kom ons slag die bok!"

2.

'n Oom klop aan die deur van die pastorie.  Die predikant maak oop en nooi hom binne met die woorde:  "Naand oom Giel.  Is daar iets waarmee ek oom kan help?"  Oom Giel:  "Ai, Dominee.  Ek loop al jare met hierdie worsteling.  Ek het besluit om maar na u te kom om te bieg en raad te kry."  Dominee: "Oom weet mos dat ek sal help waar ek kan.  Ek luister graag en as ek kan, sal ek raad gee.  Oom kan maar praat."  Toe sê die oom:  "Dominee, ek het in die oorlogjare aan 'n jong dogter skuiling

gegee, in 'n ou skuur op my plaas." Dominee: "Maar dit is mos 'n goeie daad, oom. Ek is seker dat oom se beloning eendag nog ryklik sal wees." Oom Giel: "Ja, maar sy het later begin om my met gunsies terug te betaal, wanneer ek vir haar kos en water neem." Dominee: "Oom Giel, ek dink as 'n mens daarna kyk teen die agtergrond van die goeie daad, wat oom gedoen het, asook die feit dat sy vrywillig deelgeneem het, kan jy dit nie as sonde veroordeel nie. Ek is ook van oortuiging dat ons Hemelse Vader dit so sal sien." Oom Giel: "Ja, maar dink Dominee ek moet haar vertel dat die oorlog al sewe jaar gelede verby is?"

3.

'n Man bel die ontvangs vanuit sy luukse hotelkamer en se: “Goeienaand. Dit is Meneer Botha in kamer 623. Kan julle asseblief dadelik iemand hierheen stuur? Ek en my vrou het n hewige rusie. Nou dreig sy om by die venster uit te spring." "Meneer," sê die persoon by ontvangs, in 'n vriendelike, maar ferm stem." "Dit is nie hierdie hotelgroep se beleid om in te

meng met die persoonlike sake van ons gaste nie." Die man antwoord: "Maar ek betaal meer as R2 000 per nag vir die kamer. Dit is tog sekerlik julle plig om na my behoeftes om te sien. Ek eis dat jy onmiddellik iemand stuur om die venster te kom oopmaak!"

4.

Ou *Wên* kry nie werk nie en besluit om sy eie onderneming te begin. Hy laat maak 'n kennisgewingbord wat lees: "Genees alle kwale vir slegs R50. Indien onsuksesvol, betaal ek u R200 terug." Hy plaas die bord by die ingang en sommer met die oopmaakslag, loop 'n kêrel verby. Hy lees dit en besluit om gou vinnig 'n paar rand wins te maak. Hy stap binne, plaas R50 op die toonbank en sê: "Ek het my smaak verloor. Ek kan absoluut niks proe nie." *Wên* neem die R50, vra die man om sy mond oop te maak, kyk in sy keel en sê vir sy assistent: "Gaan kry vir ons die bottel medisyne, gemerk, nommer 27, in laai nommer 13. Sit daarvan drie druppels op sy tong." Sy doen dit en die kêrel reageer heftig: "Sies! Gapoei! Dis dan

parafien."  Waarop *Wên* sê:  "Lyk of jou kwaal genees is.  Kom maar weer as iets anders voorkant toe opduik."  Hoogs moerig loop die man daar uit, maar die volgende dag is hy terug en sê:  "Ek het my geheue verloor.  Ek kan absoluut niks onthou nie.  Kan julle dalk help?"  Weer kyk *Wên* in die ou se keel en weer vra hy sy assistent om die bottel, genommer 27, in laai nommer 13, te kry, waarop die kêrel reageer: "Not te dêm, dis parafien in daai bottel!  Jy't dit gister vir my gegee!"  *Wên* sê:  "Lyk my jou kwaal is genees.  Dit sal R50 wees, dankie."  Die man betaal en loop nog meer moerig daar uit. Die volgende dag is hy egter terug.  Hierdie keer het hy 'n wit kierie en 'n donker bril en sê:  "Ek is besig om my sig te verloor.  Ek kan niks sien nie.  Help asseblief.  *Wên* skyn 'n liggie in sy oë en sê: "Jammer, dit lyk nie of ek jou hierdie keer sal kan help nie.  Nou moet ek my belofte eerbiedig en jou R200 betaal."  Waarop hy 'n R20-noot vir die ou gee.

Die man neem die geld en reageer heftig: "Maar dit is dan 'n R20 en beslis nie R200 nie!" Waarop *Wên* sê: "Dit lyk of jou kwaal genees is. Dit sal R50 wees, dankie."

5.

Jan bel sy vriend en sê: "Onthou jy die *sloertoer* wat ons so nege maande gelede gedoen het?" "Jip" antwoord Tom en Jan gaan voort: "Dan onthou jy seker ook die weduwee by wie ons een aand op haar plaas oornag het?" Weer bevestig Tom en Jan sê: "Tom, wees eerlik. Jy het nie dalk daardie nag na haar kamer gegaan en toe my naam vir haar gegee nie?" Tom: "Ek moet bieg. Ek het dit gedoen." Jan antwoord: "Geen probleem. Ek het sopas 'n brief van haar prokureur ontvang. Sy is oorlede en het haar hele boedel en die plaas aan my bemaak."

6.

Die oom verkoop sy budgies teen R5 elk. 'n Seuntjie kom by hom en sê: "Oom, ek wil graag 'n budgie koop, maar dit moet daardie bloue wees, asseblief." Oom: "Boeta, die hok is vol

budgies. Ek gaan nie sukkel om een spesifieke budgie te vang nie. Jy sal maar moet vat wat jy kry. " Seuntjie: "As oom daardie bloue vir my gee, sal ek vir oom dieselfde betaal as wat my pa vir 'n slagskaap betaal." Dadelik verander die oom se houding. Met 'n groot gesukkel vang hy die blou budgie. Hy sit die voëltjie in 'n papiersak en gee dit vir die seuntjie, met dié woorde: "Nou wat betaal jou pa vir 'n slagskaap?" waarop die die knaap sê: "R35 per kilo. Het oom 'n skaal waarop ons dié budgie kan weeg?"

7.

Dit is die ergste droogte in menseheugenis. Die Karoo-boer sit beswaard op die stoep, toe die plaaswerkers daar aankom. Hulle kom net groet, want hulle gaan iewers anders 'n heenkome soek. Hier gaan hulle omkom van honger." Die volgende dag kom die oorblywende skape ook groet. 'n Dag daarna is dit die laaste paar werfhoenders en getroue ou Wagter. Dis doodstil. Niks en niemand roer nie. Skielik vlieg daar 'n helikopter oor die werf. Die boer

hardloop na binne en sê vir sy vrou: "Ek dink jy moet maar begin inpak, ou vrou. Daar trek die windpomp ook nou dorp toe."

8.

Gert het die gewoonte gehad om op alles, wat iemand vertel, te sê: "Dit kon erger gewees het." Sy pelle raak keelvol hiervoor en besluit een aand, toe hy nie saam kuier nie, om hom 'n les te leer. Sodra hulle weer almal bymekaar is, sal een van hulle begin met die volgende: "Ouens, het julle gehoor van die tragedie daar by Piet se huis?" en dan voortgaan: "Toe Piet vanmiddag vroeër van die werk afkom, betrap hy sy buurman en sy vrou saam in die bed. Hy skiet hulle altwee net daar in die kooi en daarna vir homself. Die mense sê dit was glo 'n morsige affêre. Die polisie is blykbaar nog steeds besig om op te ruim." Almal sal dan, blykbaar baie geskok, oor die voorval begin bespiegel en op 'n stadium sal iemand vir Gert vra: "En wat dink jy? Jy het mos baie daar by Piet-hulle gekom. "Dit gebeur toe ook een aand so en toe een van die ouens vir Gert vra: "Wat sê jy, ou Gert?"

antwoord hy: "Dit kon baie erger gewees het." Baie verontwaardig, wil die manne weet: "Hoe de hel kan jy so sê? Piet was 'n goeie vriend van jou en van baie van ons klomp hier." Waarop Gert sê: "As Piet gister vroeër van die werk af gekom het, was ek nie vanaand hier nie."

9.

Die kêrel ontmoet 'n meisie. Hy is dadelik smoorverlief en vra haar om te trou. "Maar ons ken mekaar skaars," is haar antwoord en hy sê: "Ons sal mekaar leer ken soos wat die tyd aanstap." Uiteindelik kry hy die ja-woord en tydens hul wittebrood, lê hulle die eerste dag langs die swembad van hul luukse hotel. Die kêrel staan op en klim tot op die hoogste vlak van die duikplank. Van daar doen hy 'n asemrowende duikslag met 'n paar ingewikkelde bewegings. Al die gaste, in en om die swembad, is in ekstase en klap hande. Toe hy weer langs sy trotse bruid kom lê, sê sy: "Dit was pragtig, my lief. Waar het jy so leer duik?" en hy antwoord: "Ek het jou mos gese ons sal mekaar leer ken soos die tyd aanstap. Ek was 'n

Olimpiese duikkampioen." 'n Rukkie later staan die bruid op en duik in die swembad. Sy swem 'n totaal van vyftig lengtes, van vyftig meter elk, sonder om een keer te stop en te rus. Toe sy 'n rukkie later weer langs haar nuwe eggenoot kom lê en nie eens 'n teken van moegheid toon nie, sê hy: "Dit was nou werklik indrukwekkend, my lief. Waar het jy so leer swem?" Sy antwoord: "Ek was 'n prostituut in Vereeniging en het weerskante van die Vaalrivier gewerk."

10.

Jakob, 87 jaar oud, en Rebecca, 86 jaar oud, stap by 'n apteek in en hy sê vir die apteker: "Ons twee het besluit om te trou. Verkoop julle medisyne vir rumatiek, jig, hartsiektes en Alzheimers?" Die apteker sê dat hulle doen en Jakob wil verder weet: "En vir sooibrand, hardlywigheid en bloeddruk?" Weer is die antwoord bevestigend en Jakob gaan voort: "Verkoop julle ook kieries, looprame en rolstoele?" Weer bevestig die apteker en Jakob sê: "Gee jy om as ons hierdie plek van jou as die winkel vir ons trougeskenke aandui?"

11.

Tydens 'n saalbyeenkoms, sê die skoolhoof: "Seuns en dogters, julle moet asseblief baie mooi luister, want die volgende reël is onmiddellik van krag. Die meisiekoshuis is absoluut verbode vir seuns. As jy daar betrap word, is die boete R50. As jy 'n tweede keer daar betrap word, is die boete R100 en 'n derde keer sal dit R150 wees. So sal die boete styg totdat julle jul les geleer het. Is dit baie duidelik?" Toe kom daar 'n stem van agter uit die saal: "Wat kos 'n seisoenkaartjie?"

12.

'n Prokureur lê op sy sterfbed. Hy vra sy vrou om vir hom 'n Bybel te bring. Sy doen dit met die idee dat sy vir hom daaruit sal moet lees. Hy gryp dit egter uit haar hand en begin naarstigtelik blaai, terwyl sy oë oor die bladsye flits. Nuuskierig vra sy: "Wat doen jy, ou man?" en hy sê: "Ek soek skuiwergate."

13.

Twee mans loop by 'n kroeg in en gaan sit langs die toonbank.  Oorkant hulle sit 'n kêrel, wie baie duidelik al lekker onder die prop is.  Kort-kort kyk hy na hulle en skud sy kop.  Later stap een van hulle om na die man en sê vir hom:  "Jy sien nie dubbel nie.  Ons is 'n identiese tweeling."  Waarop die man se:  "Wat!  Al vier van julle?"

14.

"Waarom lyk jy so beswaard?" vra die ou dominee vir die jong dominee, toe laasgenoemde na sy wittebrood weer tuis is.  Hy antwoord: "Ou dominee, hierdie is vir my 'n baie groot wroeging.  Ek vind toe mos uit dat my vroutjie rook."  Die ouer predikant dink 'n oomblik en sê: "Ai, ou seun, ek weet regtig nie hoe om in hierdie geval vir jou raad te gee nie.  Myne het ook destyds baie warm geword, maar darem nie gerook nie."

15.

Die predikant en sy hoofouderling doen huisbesoek by 'n aanvallige jong weduwee. Sy dra 'n rok met 'n baie lae hals. Om haar nek het sy 'n goue ketting, waaraan 'n kruis hang. Toe sy gaan koffie maak, fluister die predikant: "Broer, ek hoop jou oë is op die kruis gerig." Die ouderling fluister terug: "Ai, Dominee, dis moeilik met daai twee sondaars weerskante."

16.

Frikkie en Fanie se 4x4 rol in die woestyn. Dis 'n totale wrak. Hulle besluit om op hul spoor terug te stap, met die hoop om hulp te kry. Hulle maak hul waterhouer vol. Net voor hulle begin stap, tel Frikkie die deur van die voertuig op en sit dit onder sy arm. "Nou waarvoor neem jy die deur saam?" wil Fanie weet, en hy antwoord: "Ai tjomma, jy weet hoe warm kan hierdie woestyn word. Ons het nie meer 'n *aircon* nie, maar nou kan ek ten minste die ruit afdraai."

17.

Die man sit sy Sondag-koerant neer en sê doodernstig vir sy vrou: "Bokka, as ek eendag vermis raak, moet jy seker maak dat hulle nie 'n foto van my op melkbottels plaas nie. Sit dit eerder op wynbottels, bierbottels en ander drankbottels. Ek ken niemand wat melk drink nie."

18.

Die oom sukkel met sy gehoor en kry 'n klein operasie om dit reg te stel. Tydens die opvolgondersoek, verklaar die dokter: "Nee wat oom, nou hoor jy weer soos 'n jong man. Oom se kinders is seker bly?" Die oom antwoord: "Ek het hulle nog niks vertel nie, Dokter. Ek sit maar en luister hoe die klomp gesels, wanneer ons bymekaar is. Ek het intussen my testament al drie keer verander."

19.

'n Nooi en haar kêrel bly saam. Een aand kom sy nie huis toe nie. Die volgende dag vertel sy

dat sy saam met 'n paar vriendinne gekuier het en toe sommer by een oorgeslaap het. Die kêrel bel haar tien beste vriedinne, maar nie een van hulle kan haar storie be-aam nie. 'n Paar dae later daag die kêrel een aand nie by die huis op nie en die volgende dag het hy dieselfde verskoning. Die nooi bel toe ook tien van sy pelle. Nege van hulle sê dat hy wel daar was en een sê dat hy nog steeds daar is.

20.

Op 'n vlug tussen Kaapstad en Johannesburg, kondig die loods aan: "Dames en here, ons behoort oor 'n halfuur in Kaapstad te land. Die weer is sonnig met 'n ligte Suid-Oos... O blik..!" Daar heers 'n geskokte stilte onder die passasiers en toe kom dieselfde stem weer op die lug: "Jammer as ek u laat skrik het. Ek het 'n koppie koffie op my skoot omgegooi. U moet sien hoe lyk die voorkant van my broek." Toe kom 'n bewerige stem uit die geledere van die passasiers: "Vergeet jou broek se voorkant. Kom kyk hoe lyk myne agter."

21.

Ou *Wên* begin 'n begrafnisonderneming. Tydens hul eerste dag, kom plaas sy ontvangsdame, baie opgewonde, 'n bestelling vir hul eerste grafsteen op sy lessenaar. *Wên* kyk daarna en by die afdeling oor wat op die steen geskryf moet word, lees hy: Hier rus ons broer, vader en eggenoot. Hy snork verontwaardig: "Suinige bliksems. Drie mense in een graf!"

22.

"Waarom lyk jy so bek-af? Dis *happy hour*!" wil *Wên* by die man langs hom in die kroeg weet. Die ou antwoord: "Ons het uitgevind dat ons enigste seun verslaaf is aan *brake fluid.*" *Wên* herkou 'n rukkie aan die inligtng en sê met ‘n gerusstellende klop op die skouer: "Ek sou nie te bekommerd wees as ek julle was nie. Die seun kan mos stop wanneer hy wil."

23.

Die man sit by 'n haarkapper om geskeer te word. Langsgenoemde gee vir hom 'n klein

houtballetjie en sê: "Sit dit in jou kies, sodat ek jou wange gladder kan skeer." "Wat gebeur as ek dié ding insluk?" vra die man en die haarkapper sê: "Dan bring jy hom net weer môre terug, soos al die ander manne doen."

24.

'n Boemelaar val flou op die sypaadjie voor *KFC*. Verbygangers drom in 'n groep om hom saam en een sê vir 'n dame wat bekommerd oor hom buk: "Gee hom hierdie lemoen. Dalk is sy bloedsuiker laag." Die boemelaar loer deur een oog en sis deur die hoek van sy mond: "Voertsek, man. As ek 'n lemoen gesoek het, sou ek voor *Fruit 'n Veg* loop val het."

25.

Koos stap by sy buurman se plaasskuur in en kry hom, waar hy kaal voor 'n trekker dans. "Jan, wat de hel doen jy?" vra hy en Jan sê verleë: "Ag ou buurman, dinge tussen my en die vrou is tans nie so lekker in die slaapkamer nie.

Toe sê daai nuwe Engelse kopdokter op die dorp vir my: "Jan, you must do something sexy to *attract her*."

26.

Gert en Koos sit lekker getrek op die punt van die kroegtoonbank. Op die ander punt van die toonbank is 'n groot spieël. Gert se vir Koos: "Tjomma, ek hoop nie daai twee ouens op die punt soek skoor nie. Elke keer as ek daardie kant toe kyk, kyk een van hulle terug. Koos sê: "Nee man, hulle is oraait. Ek het netnou gewaai en toe waai een terug." Gert se: "Maar kom ons stap soontoe en hoor of hulle 'n dop saam met ons wil drink." "Dis 'n goeie plan" sê Koos en hulle begin om hulle kleingeld en sleutels op die toonbank bymekaar te maak. Toe hulle in die rigting van die spieël draai, sê Koos: "Gert, ek dink ons bly sit net hier op dié plek met die dakwaaier bokant ons. Dit lyk of daai kêrels oppad hierheen is."

27.

'n Man stap by 'n troeteldierwinkel in om 'n papegaai te koop.  Die assistent neem hom na die afdeling waar hulle die papegaaie aanhou.  "Wat kos die rooie?" vra hy en die assistent sê: "R3 000, Meneer."  Hy sien dat die man half verstom is en voeg by:  "Die papegaai het 'n kwalifikasie in tik en kan soveel as 70 woorde per minuut tik."  "Wat kos die bloue?" wil die man weet en die assistent sê:  "Hy kos R5 000, maar behalwe 'n tikkwalifikasie, kan hy ook notas afneem en die telefoon antwoord."  "En die groen papegaai?" is die volgende vraag.  Die assistent sê: "R10 000, Meneer."  "Wat kan hy doen?" wil die man weet en die assistent antwoord: "Niemand weet nie, maar die ander papegaaie noem hom baas."

28.

Twee kêrels sit en spog teenoor mekaar met hul honde en wat die honde alles kan doen.  Die eerste een se:  "Jy weet natuurlik dat my hond kan lees en skryf."

Sy vriend antwoord: "Ja, my hond het my vertel, maar ook genoem dat jou hond nog erg sukkel met leestekens."

29.

'n Baie snobistiese dame besoek die dokter. Hy deel haar mee: "Mevrou, jy is verskriklik oorgewig. Jy sal 'n plan moet maak, anders gaan jou hart later ingee." Uit die hoogte sê sy: "Dokter, ek dink ek wil 'n tweede opinie kry" en die dokter gaan voort: "Nou goed, jy's nog vrek lelik ook."

30.

Twee mans stap, met hul arms vol, vanaf 'n drankwinkel na hul motor in die parkeerterrein. Die een sê vir sy maat: "Sal jy vir die karwag 'n *tip* gee?" Sy maat draai na die karwag en sê: "Jy moet nooit direk na die son kyk nie. Dis sleg vir jou oë."

31.

Aan die einde van 'n onderhoud vir 'n betrekking, vra die hoofbestuurder vir die jong ingenieur, vars vanuit die universiteit: "As ons sou besluit om jou aan te stel, watter vergoeding het jy in gedagte?" "Wel" sê die jongman, "Ek het gedink aan so tagtig duisend per maand, afhangende van byvoordele, soos pensioen, medies, jaarlikse verlof, 'n dertiende tjek en natuurlik 'n nuwe BMW elke twee jaar." "Jy maak seker grappies," snork die bestuurder verontwaardig en die kandidaat sê: "Maar jy het eerste daarmee begin."

32.

"Jan, jy moet opstaan en klaarmaak vir skool," sê die ma deur die slaapkamer se toe deur. 'n Stem kom vanaf die anderkant: "Maar ek wil nie skool toe gaan nie. Die kinders haat my. Die onnies haat my. Gee my een goeie rede waarom ek moet skool toe gaan." Sy antwoord: "Jy moet gaan, my seun, omdat jy die skoolhoof is."

34.

"Om tienuur skakel ek die ligte af," sê die kwaai pa vir die javel, wat by sy dogter kom kuier en hy antwoord: "Die saak is reg oom, ek het in elk geval nie kom lees nie."

35.

'n Rugbyskeidsregter kom by die hemelpoorte aan en Petrus vra hom 'n paar vrae. Een van hulle is: "Kan jy dink aan enigiets waarmee jy in jou lewe iets of iemand benadeel het?" Die skeidsregter dink 'n oomblik en se: "Nie regtig nie, behalwe dalk die wedstryd tussen WP en die Bulle." "Vertel," sê Petrus en die skeidsregter begin: "Dit was gedurende die laaste finaal om die Curriebeker op Loftus. Die twee spanne het mekaar lekker gas gegee en die telling het behoorlik wipplank gery. Die spanning was byna ondraaglik en met slegs een minuut speeltyd oor, val die WP sterk aan. Hulle moet 'n drie druk om te wen, aangesien hulle vier punte agter is. Daar is 'n skrum vyf meter vanaf die Bulle se doellyn en die WP moet die bal

ingooi. Dit is absoluut hulle laaste geleentheid en die manne gee alles in daardie skrum. Dit swaai effens en die WP se een flank tel op. Hy duik oor die doellyn. Niemand kan sien of die bal onder beheer is en of hy die drie druk nie. Ek ken toe maar die drie toe en WP wen in die doodsnikke. "Petrus vryf oor sy ken. "Laat ek gaan kyk wat ons verslae sê. Sit net hier, ek is nou nou terug." 'n Rukkie later kom Petrus terug en sê: "Jong, ek het nou absoluut oral gesoek, maar ons het nêrens enige verslae van so 'n wedstryd nie. Hoe het jy gesê, wanneer is dit gespeel?" Die skeidsregter antwoord: "Ek het drie minute gelede die eindfluitjie geblaas."

36.

'n Vrou bel die polisie en se: "My man is nou al twee dae gelede hier weg om te gaan aartappels koop." Die stem aan die ander kant se: "Eish mevrou, kan jy nie maar iets anders as aartappels kook nie?"

37.

"Ek raak eerder swanger, voordat ek 'n tand laat trek," sê die aanvallige nooi en die tandarts antwoord: "Dame, besluit tog nou, dan weet ek hoe om die stoel te stel."

38.

Die javel stuur die volgende teksboodskap aan sy vriend: "Dit lyk of die droogte by ons gebreek is. Dit reën en kapok nou al drie dae sonder ophou. My skoonma staan en staar net deur die venster. Dink jy ek moet haar maar laat inkom?"

39.

Baas: "Koos, jy was nie gister siek nie. Iemand het jou by die rugby gesien." Koos: "Dis 'n lieg! Ek het vyf visse om dit te bewys."

40.

"Jy mag nie jou motorfiets by die kerk inneem nie," sê die diaken aan die javel by die deur. "Maar, ek moet" kom die bekommerde

antwoord. "Die verkoopsman het uitdruklik gesê dat ek dit elke maand vir 'n diens moet bring, as ek die waarborg wil behou."

41.

Die tante gaan saam met haar olike man na die dokter. Toe dit die oom se beurt is, gaan hy die spreekkamer binne, terwyl die tante in die ontvangskamer wag. Die dokter kom uit en vra vir sy assistent om vir hom 'n hamer en beitel te bring. 'n Rukkie later kom die dokter weer en versoek 'n tang en 'n skroewedraaier. Bekommerd vra die tante: "Dokter, wat makeer my man?" en die dokter sê: "Ek weet nog nie, tannie. Ons sukkel om my tas oop te kry."

42.

Die baas toets sy sekretaresse se wiskunde: "As ek jou R10 miljoen minus 10% gee, hoeveel trek jy af?" Sekretaresse: "Alles Meneer. Rok, bra, skoene. Absoluut alles!"

43.

Die kêrel bieg by die priester dat hy gesondig het. "Wat is jou sonde, my seun?" wil die priester weet en die man sê dat hy na fotos van kaal vroue op sy *I-phone* kyk. Die priester sê: "Geen probleem nie, my seun. *Forward* net jou sonde na my. Hier is my nommer..."

44.

Op 'n uitstappie in die berge, wil die toeris by die toergids weet: "Val hier gereeld mense van hierdie hoë kranse af?" en hy kry die volgende antwoord: "Nee meneer, net een keer."

45.

Elke dag oppad werk toe, stap 'n man by 'n boemelaar verby en elke dag gooi hy R10 in die ou se blikkie. Op 'n dag begin hy skielik om slegs R1 in die blikkie te gooi. Teleurgesteld, maar ook nuuskierig, vra die boemelaar hieroor en die man sê: "Ek het nou ook 'n seun op universiteit en ek kan nie meer joune ten volle subsidieer nie."

# UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING...

46.

Die seuntjie sê vir sy ma dat hy baie graag 'n fiets vir kersfees wil hê.  Sy antwoord:  "Mamma se ou seun was hierdie jaar maar baie stout gewees.  Miskien moet jy vir Liewe Jesus 'n briefie skryf en vra of Hy nie vir kersvader sal vra nie."  Die ou gaan kamer toe en begin skryf, maar nee, hy kry nie die brief reg nie.  Hy besluit om 'n ander plan te maak en is daar weg. Die volgende dag klop die priester van die Engelse kerk, tydens skooltyd, aan hulle deur en sê vir die ma:  "Mevrou, ek is seker jou seun het gister iets uit die kerk verwyder.  Ons sal dit graag wil terug kry."  Hulle gaan na die seuntjie se kamer en daar kry hulle, in 'n kartondoos onder sy bed, die beeld van die baba, wat deur die kerk in hul kersuitstalling gebruik word.  Op die seuntjie se lessenaar is 'n brief.  Hulle maak dit oop en lees:  "Ek het jou seun.  As jy hom lewendig wil sien, sorg dat kersvader vir my `n fiets bring.  'n Rooie."

47.

'n Seun loop by 'n haarkapper in en laasgenoemde sê aan sy nuwe assistent: "Daardie is sekerlik die domste kind wat ek ooit gesien het. Kom ek wys jou." Hy haal 'n paar muntstukke en 'n R10-noot uit die geldlaai. Hy hou dit na die seuntjie en sê: "Kies vir jou, die muntstukke of die papiergeld." Sonder om 'n woord te sê, neem die seuntjie die muntstukke en loop na buite. "Sien jy nou?" sê die haarkapper. Later die oggend stuur hy die assistent om iets in die dorp te gaan doen. Daar loop die assistent die seuntjie raak, waar hy aan 'n roomys smul, en vra vir hom: "Nou hoekom kies jy toe vanoggend die muntstukke? Die papiergeld is mos baie meer werd." Die seuntjie sê: "Sodra ek dit doen, is dit *game over*!"

48.

Die pa kom tuis. Hy groet sy seuntjie en vra: "En toe, pa se ou klong - hoe het dit vandag by die skool gegaan?" waarop die seuntjie sê:

"Goed pa, ek het net so klein probleempie gehad, maar dit sommer baie gou uitsorteer. Terloops, pa se pistool is nog in my rugsak."

49.

Die ma hou haar seuntjie in die truspieël dop. Hy is besig om in sy neus te krap. Toe hy 'n balletjie gerol het, vra sy: "En nou Pietman, wat gaan jy daarmee doen?" Pietman: "Ek weet nie. Mens mag mos niks in hierdie nuwe kar van ma eet nie."

50.

"Mamma, die seuntjies by die skool wil aanhoudend hê dat ek wawiele moet maak" sê die dogtertjie en die ma antwoord: "Jy moenie, my kind. Hulle wil net jou broekie sien. "Sy sê: "Ek weet, Mamma. Dis waarom ek dit pouse in my tas bêre."

51.

Onderwyseres: "Wie kan vir juffrou sê wat kry 'n mens van 'n hoender?" "Eiers, juffrou." "En van 'n vark?" is die volgende vraag. "Spek en

ham, juffrou." "Mooi Sannie. Nou Jannie, kan jy vir juffrou sê wat kry ons van 'n koei?" Jannie: "Huiswerk."

52.

Pa: "Ai, my ou seun, jy gedra jou soms net soos 'n otjie" en toe die seuntjie hom verbaas aankyk, gaan hy voort: "Weet jy wat is n otjie?" Seuntjie: "Ja, Pappa. Dis mos die seuntjie van 'n vark."

53.

Man: "Jannie, ek hoor jou ma is dodelik siek." Jannie: "Ja, Oom, maar wag tot sy gesond is. Dan is sy eers dodelik."

54.

"Hoekom was jy nie gister in my klas nie?" wil die onnie weet, en Jannie sê: "My oupa het verbrand, juffrou." "Ek is jammer om dit te hoor. Is dit baie ernstig?" Jannie: "Ek sou nie kon sê nie, juffrou, maar ek dink daai ouens by die krematorium speel nie met jou nie."

55.

Die seuntjie se ma gee hom medisyne en hy spring op en af toe hy klaar gesluk het. "Was dit lekker?" wil die ma weet en hy sê: "Nee, maar Mamma het vergeet om die bottel te skud."

56.

Klein Koos vloek verskriklik. Die inspekteur besoek die klas en versoek dat die onderwyseres vir die leerlinge 'n letter moet gee. Hulle moet dan 'n woord gee, wat met daardie letter begin. Kosie se hand is gereeld in die lug, maar sy ignoreer hom vir eers. Toe hulle by die letter 'R' kom, besluit sy: Daar is nie 'n vloekwoord, wat met die letter 'R' begin nie en sy vra vir Kosie. Hy antwoord: "Rotte, juffrou," terwyl hy met sy hande beduie, "net sulke moerse rotte!"

57.

"Waarom is hierdie ruit gebreek?" wil die pa weet, toe hy die die aand by die huis kom. Seuntjie: "Pa, ek het my kettie skoongemaak en toe gaan dit per ongeluk af."

58.

"Kan ek asseblief tannie se skêr leen?" vra die seuntjie.  Tannie:  "Sekerlik ou seun, maar het jou mamma dan nie 'n skêr nie?"  Seuntjie:  "Sy het tannie, maar sy wil nie dat ek daarmee draad knip nie."

59.

Drie seuntjies sit en gesels.  Die eerste een sê: "Ons is drie kinders en elkeen het sy eie slaapkamer."  "Ons is vyf kinders en elkeen het sy eie kooi" antwoord die tweede seuntjie en die derde een sê:  "Ons is sewe kinders en elkeen het sy eie pa!"

60.

"Ons het tog 'n Rooihuid-broodrooster"sê die seuntjie en die dogtertjie vra:  "Wat is 'n Rooihuid-broodrooster?"  Seuntjie:  "Dit stuur rookseine uit."

61.

Twee klein seuntjies gaan saam met hul ouers kerk toe. Dit is nagmaal en toe die kelkies bedien word, sê die jongste een kliphard: "Boeta, het jy gesien? Pa-hulle kry *shooters*."

62.

Juffrou: "Janneman, jou opstel oor 'n hond, is woord-vir-woord dieselfde as jou ousus se opstel." Janneman: "Dit sal wees, juffrou. Dit is dieselfde hond."

63.

Kosie kom by die huis met 'n blou-oog en sy ma sug: "Ai, my kind, het jy al weer by die skool baklei?" Kosie: "Ja, maar Pietie het eerste teruggeslaan."

64.

Die pa en sy seuntjie ry op die snelweg, agter 'n taxi. Die passasiers van die taxi is besig om sommer so in die ry, 'n sogenaamde boendoe-hofsitting te hou. Die beskuldigde word

aangekla van verkragting en die hof vind hom skuldig.  Sy straf word dadelik toegepas en hulle maak van die man 'n enog.  Die besigheid word sommer deur die oop venster gegooi en beland op die motor agter hulle se windskerm. Blitsvinnig sit die pa die ruitveër aan en voor die bloedstreep afgewas kan word, vra die seuntjie: "Pa, wat is dit?"  Die pa antwoord:  "Ag dit was seker 'n tor of 'n gogga."  Seuntjie:  "Jislaaik, het pa daai ding se spyker gesien?"

65.

Pietie moet die klas vertel watter werk sy pa doen en hy sê:  “My pa is 'n eksotiese danser by n gay-klub.  Sy inkomste word bepaal deur die fooitjies wat sy kliënte hom betaal."  Na die klas roep die onderwyseres hom eenkant en wil bekommerd weet:  "Pietie, is dit regtig jou pa se werk?"  Hy antwoord:  "Nee, juffrou, my pa speel professioneel rugby, maar ek was skaam om te sê dat hy vir die Bulle speel."

# GATIEP EN GAMMAT SE DINGE

66.

Gatiep sit en kyk na 'n video. "Moenie" skree hy. "Moenie ingaan nie. Jy gaan spyt wees." "Wat kyk jy, Gatiep?" vra Meraai uit die kombuis en hy sê: "Na n video van ons troue, waar ek nog buite die kerk staan."

67.

"Het jy tik op skool geneem?" vra die werkgewer tydens 'n onderhoud vir Meraai en sy sê: "Nee, jinne Meneer, daai tyd was dit nog net papsak en dagga."

68.

Gammat verskyn in die hof. Die magistraat kyk na die klagstaat en sê: "Ek sien jy is hier vir diefstal. Wat het jy gesteel?" Gammat: "'n Wekkertjie, jou *honour*." Magistraat: "Wat is die waarde van die wekkertjie?" Gammat: "R16 000, jou *honour*." Magistraat: "Genade, Gammat. Watter wekker is R16 000 werd?" Gammat: "'n Kragopwekker."

69.

Toe die Britte destyds die Kaap beset om hul ryk uit te brei, staan Gammat en Gatiep in die hawe en kyk hoedat 'n Skotse brigade aan wal gebring word. Hulle het nog nooit mans, wat nog te sê soldate, gesien, wat rok dra nie. Hulle draf saam toe die kolonne, volledig met 'n doedelsakorkes, in die rigting van die kasteel begin marsjeer. Heel voor marsjeer die bevelvoerder, 'n fris Skot met 'n bloedrooi snor. Daar waai 'n ligte Suid-Oos en op 'n stadium skep dit die bevelvoerder se rokkie. Dis toe dat Gammat sê: "Hemel, Gatiep, het jy gesien?" Gatiep antwoord: "Ek het my bra! Daai is nou vir jou 'n meneer van 'n *mêrrim*!"

70.

Gammat smous vrugte op die straathoek. 'n Dame hou langs hom stil en vra deur die motorvenster: "Is jou perskes soet?" Gammat: "Natuurlik, *mêrrim*. Kyk hoe mooi stil lê hulle."

71.

Gatiep sit en hengel op die kaai. Daar lê 'n paar vissies langs hom. 'n Egpaar loop verby en die vrou wil weet: "Wat vra jy vir hierdie vissies?" Gatiep: "Ek vra hulle niks, maar die *mêrrim* kan hulle maar iets vra, as die *mêrrim* wil."

72.

Lekker getrek, stap Gatiep van die kroeg af huis toe. Die duiwel konfronteer hom in 'n donker stegie en vra: "Weet jy wie ek is?" Gatiep: "Jy's nie van hierdie geweste nie. Gee my 'n wenk." Duiwel: "Ek is die prins van donker. Weet jy nou wie ek is?" Gatiep: "Nee noggie, maar jy moet dan beslis 'n grootkop by Eskom wees."

73.

By sy stalletjie op die markplein, verkoop Gammat horlosies. 'n Voornemende koper vra: "Is hierdie horlosies waterdig?" Gammat: "Absoluut. As die water eers in is, kan dit nie uit nie."

74.

Meraai loop in die straat.  Sy het 'n trui aan, waarop daar op die voorkant 'n groot "V" geborduur is.  Gammat kom van voor af en wil weet waarvoor die "V" staan.  Sy sê:  "Dit staan mos vir *virgin*.  Is jy dan onnosel?"  Toe dit lyk of Gammat nie gaan reageer nie, gaan sy voort: "Maar jy moet darem ook verstaan dat hierdie 'n baie ou *jersey* is!"

75.

Gatiep loop in die straat en sleep 'n stuk tou agter hom aan.  Gammat wil weet waarom hy die tou saamsleep en Gatiep se:  "My bra, het jy al ooit 'n tou probeer stoot?"

## DIE GETROUDE LEWE

78.

Vrou: "Jy weet, ek was 'n regte idioot toe ek met jou getrou het." Man: "Ja, maar ek was verlief en het nie so opgelet nie." Vrou: "En jy besef natuurlik dat hierdie die eerste keer is dat jy hierdie week 'n woord met my praat." Man: "Ek weet, maar ek wou jou nie onderbreek nie."

79.

Die dokter loop 'n pasiënt van hom in die straat raak en vra: "Hoe gaan dit deesdae met die pyn in jou agterent?" Man: "Dok, ek weet self nie. Sy kuier vir 'n week by haar ma."

80.

Man aan sy vrou: "Ek kry verkriklik nagmerries. Ek droom dat 'n vrou lelike voorstelle aan my maak." "Ek kry ook sulke nagmerries," sê sy vrou. "Ek droom dat dit ek is wat die voorstelle maak."

81.

Seuntjie: "Pappa, stam ons mense van ape af?" en die pa sê: "Wel, my seun, daar is geleerde mense wat so sê. Wie is ons om te stry?" Toe antwoord die ma uit die kombuis: "My kind, jou pa praat van sý familie!"

82.

Koos: "My vrou se mond sleep deesdae op die grond. Ek bederf haar kwansuis nie genoeg nie." Jan: "Ek hou daarvan om my vrou te bederf. Wanneer sy laat werk, bel sy huis toe voor sy ry. Dan tap ek vir haar lekker warm water met baie skuim, sodat sy dadelik kan begin skottelgoed was, as sy by die huis kom."

83.

Man: "Is jy lus om Saterdagaand uit te gaan?" "Dit sal heerlik wees," sê sy vrou en hy gaan voort: "Bakgat, die manne kom so 7uur om poker te speel."

85.

Twee ouens sit in die kroeg en die een sê vir sy maat: "My vrou was nogal beïndruk met die bedrag geld wat ek elke maand vir *charity* gee. Sy maat antwoord: "Myne ook, maar toe vind sy uit Charity werk by *Teasers*."

86.

Die tante kla by die dokter oor haar man se impotensie. Die dokter beveel aan dat sy die oom heuning voer op elke moontlike manier wat sy die oom kan laat heuning inkry. Twee weke later loop hy haar in die supermark raak en verneem of die heuning toe help, waarop sy sê: "Hy is nog nie soos 'n by nie, dokter, maar hy begin darem al zoem."

87.

Die man sit en lees sy koerant. Sy vrou probeer 'n geselsie aanknoop en sê: "Ou man, dink jy daar is lewende wesens in die ruimte, wat dalk soms op Mars land en partytjie hou?"

"Kan wees," antwoord hy. "Maar daar sal nie juis veel van 'n atmosfeer wees nie".

89.

Dit is 9 uur die aand en die man is nog nie tuis van die werk af nie. Dan kry sy omgekrapte vrou 'n teksboodskap: "Jammer ek is nie by die huis nie, my vrou. Ek is in die kroeg. Die ouens het 'n kompetisie om te bepaal wie het die oulikste vrou in die dorp. Ek is deur na die semi-finale. Sien jou later."

# DIEREMANIERE

90.

Die hoenderkuiken sê vir haar maatjie: "Wêla kapêla, my suster is tog die vinnigste hoenderhen in die wêreld. Sy het die twintig meter vir hoenderhenne by die Olimpiese Spele gewen." Haar maatjie antwoord: "Dan is my ouboet die vinnigste haan in die wêreld. Hy vang jou suster elke keer as hulle jaag-jaag speel."

91.

Dis vrek warm en droog. Leeu en Slang lê uitgeteer en honger in die koelte van 'n doringboom. Leeu sê: "Dis sommer stront hierdie. Ek is nou moeg van honger en dors. Môre gaan spreek ek Oupa Uil. Die diere sê hy gee baie goeie raad." Die twee loop mekaar 'n maand later raak. Nou is Slang in nog 'n swakker kondisie, maar Leeu is spekvet en gesond met 'n blink pels. "Hoe het jy dit reggekry om in so 'n goeie kondisie te kom?" wil Slang weet en Leeu vertel hom van die goeie

raad wat hy by Oupa Uil gekry het. Op Slang se versoek, gee Leeu hom aanwysings om by Oupa Uil se blyplek, in 'n ou akkerboom, uit te kom. Twee weke later loop die twee mekaar weer raak. Slang is in 'n baie beter kondisie en toe Leeu hom vra, sê hy dat hy ook by Oupa Uil 'n draai gemaak het en nou sy raad noukeurig volg. "Sedertdien het selfs my sig verbeter," sê Slang en gaan voort: "Toe ek eergisteraand by die huis kom, sien ek tot my skok, dat ek reeds 'n jaar lank saam met 'n ou tuinslang bly."

92.

Bobbejaan sit bo in 'n doringboom en krap met 'n pendoring aan sy vingernaels. Kameelperd kom peusel aan 'n paar doringpeule en sê: "Môre, Bobbie. En as jy so alleen en stil hier bo in die boom sit?" Bobbejaan antwoord: "Nee, ek sit maar so. Ek maak myself mooi en hou vir Leeu dop. As hy oor 'n rukkie klaar gevreet het, gaan drink hy water en lê dan vir die res van die dag en slaap. Dis dan wanneer ek hier afklim en daai twee jong wyfies van hom vuurwarm vry." "Ha Ha," lag Kameelperd en stap verder.

So sit Bobbie in die boom en vir al die diere, wat verbykom, vertel hy dieselfde storie.  Later die oggend, na Leeu klaar gevreet en water drink het, plof hy reg onder Bobbejaan in die koelte van die doringboom neer.  Hy maak sy een oog lui oop en sê:  "Ai, Bobbejaan, vir wat sit jy die hele oggend so botstil en niks doen hierbo in dié boom?"  Bobbejaan antwoord:  "Ag, Koning Leeu, ek sit maar en wag dat die ergste hitte verbygaan.  Verder praat ek stront met die diere."

93.

Bobbejaan sit weer eendag in die doringboom, toe Hiëna uitasem in die koelte neerplof en hardop mompel:  "Blikskottel se Leeu, ek sal jou nog kry."  Op Bobbejaan se navraag, vertel hy hoedat hy sopas 'n helse pak slae by Leeu gekry het en dit net omdat hy 'n hap uit die karkas, waaraan Leeu vreet, vir homself gegryp het. "Hy dink mos hy is baas" sê Bobbejaan en gaan voort:  "As ek en jy saamspan, kan ons hom 'n lekker les leer.  Ek sê jou wat, as hy net-nou klaar gevreet het, gaan suip hy water en kom lê

dan hier onder die boom.  As hy hier aankom, takel jy hom van voor af en ek spring van hierbo op sy rug.  Dan gee ons twee hom die pak slae van sy lewe."  Hiëna stem saam en toe Leeu later daar kom, takel hy hom.  Dis 'n helse geveg en jy sien net stof en hare waai.  Nie lank daarna nie, is Hiëna genoodsaak om die hasepad te kies, terwyl Bobbejaan nog rustig in die boom bly sit. Die volgende dag kom Hiëna hinke-pink onder die boom aan en gaan lê in die koelte om sy wonde te lek.  Hy gewaar Bobbie bo in die boom en se:  "Ja, lafaard.  Jy's 'n mooi een.  Ons twee pak kamtig saam vir Leeu, maar jy bly sit daar op jou tak en kyk hoe word ek verniel!" Bobbejaan antwoord:  "Man, daar was so baie stof.  Ek kon niks sien nie en toe jy so lekker lag, dog ek jy wen die geveg."

94.

Leeu lê in die koelte van 'n boom, terwyl Apie bo in die takke baljaar.  Apie is bekend vir sy streke en net sodra Leeu insluimer, gooi Apie hom met 'n doringpeul.  "Jy moet ophou om my te verpes, Aap." sê Leeu.

"As ek jou in die hande kry, byt ek jou kop af." Apie steur hom nie daaraan nie. Hy is mos veilig hier hoog in die takke. Op 'n stadium misgis hy hom egter. Die peule raak minder en toe hy strek om een aan die punt van die tak te pluk, breek die tak. 'Kaplaks' val Apie reg voor Leeu en soos blits druk Leeu hom met een poot vas. "Bliksempie! Ek het jou gewaarsku. Nou byt ek jou kop af!" Apie pleit en smeek: "Ag, Koning Leeu, ek is jammer. Ek sal nie weer nie. As jy my lewe spaar, sal ek jou gaan wys waar slaap die rooibokke snags. Dan kan jy elke aand vir jou 'n lekker sappige rooibok loop vang." Leeu dink 'n oomblik en sê: "Nou goed, maar ek gaan jou steeds 'n les leer. Ek gaan jou stert afbyt", waarop Apie sê: "Not te dêm! Byt eerder my kop af. Net-nou noem die diere my *Julius*."

95.

Zebra ontsnap uit die dieretuin en beland op 'n boer se plaas. Die eerste dier wat hy kry, is 'n perd. "Goeiemôre, my naam is Zebra. Wat is jou naam en wat doen jy?" wil hy weet. "Ek is

Perd en ek sleep die boer se perdekar dorp toe en terug," antwoord hy. Die volgende dier wat hy raakloop, is een van die melkkoeie. "Hallo, my naam is Zebra. Wat is jou naam en wat doen jy?" "O, ek is Koei en ek en my vriendinne produseer melk, wat die boer weer verkoop." Oral antwoord die diere sy vrae en verduidelik wat hul funksies is. So stap Zebra by die bul in sy kampie verby en wil weet wie hy is en wat hy doen. Die bul sê: "Boetie, trek uit jou pajamas, dan wys ek jou."

96.

Muis vang 'n *lift* saam met sy goeie vriend, Oom Olifant. Daar van hoog bo, tussen die olifant se ore, voel die ou redelik sterk en selfversekerd. Op 'n stadium stap Olifant oor 'n houtbrug en Muis sê vir sy vriend: "Versigtig, ou maat. Kyk hoe laat wankel ons twee die ou bruggie."

# AI, DIE BLONDINES

97.

Die spietkop ry op sy motorfiets langs die motor van 'n blondine, wat besig is om te brei, terwyl sy bestuur. "Pull over" skree hy en sy skreeu terug: "Nee, dis 'n serp vir my kêrel."

98.

Twee blondines loop in die straat en sien hoe 'n groep mense op 'n sypaadjie saamdrom. Toe hulle nader gaan, vind hulle uit dat die toeskouers staan en kyk na 'n ander blondine. Sy sit in 'n roeiboot en probeer met die spane om oor die straat te roei. Die een sê vir die ander: "Jy weet, dis sulke meisies wat ons blondines se naam krater maak. Ek duik sommer in en gaan dop haar boot om."

99.

'n Blondine kom by 'n apteker en sê vir hom dat sy 'n motplaag by haar woonstel het. Hy verkoop aan haar 'n pakkie motballetjies. Die volgende dag is sy terug en soek nog twee

pakkies. "Ek het nie besef dat jou motplaag so ernstig is nie," sê hy en sy antwoord: "Ek sukkel nog om die motte raak te gooi."

100.

Die kêrel vra vir sy blonde meisie: "Wat was eerste, die hoender of die eier?" Sy sê: "Haai, ek het nie eens geweet dat hulle resies gehardloop het nie."

101.

Die blondine staan met toe oë voor die spieël. Haar vriendin wil weet waarom sy dit doen en sy antwoord: "Ek wil sien hoe ek lyk as ek slaap."

102.

"Is die wurmmedisyne vir kinders of volwassenes?" wil die apteker by die blondine weet, toe sy daarvoor vra. Sy antwoord: "Hoe moet ek weet hoe oud die wurms is?"

103.

Die blondine bel haar vriend. Sy is in trane en vra dat hy moet kom help. Sy het 'n groot boks

met 'n legkaart gekry. Daar is honderde stukke en almal lyk dieselfde. Sy weet nie waar om te begin nie. Toe hy by haar woonstel kom, kry hy haar moedeloos langs die kombuistafel. Hy gee een kyk en sê: "Ek sê jou wat. Maak jy gou vir ons 'n lekker koppie tee, dan sit ek solank die graanvlokkies terug in die boks."

104.

"Ek wil graag 'n paar boeke koop" sê die blondine aan die assistent by die boekwinkel. "Ligte- of swaar leesstof?" vra hy en sy antwoord: "Ag, dit maak nie saak nie. My motor is reg voor die boekwinkel se deur geparkeer."

105.

Die blondine staan en kyk deur haar venster hoe daar 'n vrag kitsgras by haar bure afgelaai word en sy sê vir haar vriendin: "Ek dink ek moet ook volgende keer my gras wegstuur om gesny te word."

106.

Die blondine kom in trane by die werk aan. Haar kollegas en baas wil bekommerd weet wat die rede is en sy vertel hulle dat haar ma dood is. Hulle troos haar en later sê sy dapper dat sy graag sal wil aangaan met haar werk.  Skaars 'n uur later kry sy 'n telefoonoproep en bars weer in trane uit.  Toe haar kollegas en baas haar troos en wil weet wat dan nou die oorsaak is, sê sy: "Dit was my suster.  Haar ma is ook dood en nou is sy 'n weeskind."

# VERTELLINGS

107.

*Die Groen Perd*

Die van u, wat rugby op die platteland ken, sal weet:  Woensdagaande is dit dorp toe gaan vir elke jong mens, wat in die distrik woon.  Dis mos die sogenoemde 'Klein Saterdag' en dan vind elke sport se oefening plaas.  By die rugbyklubs is dit gewoonlik die jong boere en hul voormanne of plaasbestuurders, wat teen skemeraand  die langpad dorp toe vat.  Oorlede vader was een van diesulkes en jare later moes hy gereeld die volgende storie, op versoek van sy vriende, vertel.  Hy sê dat die manne gewoonlik na elke oefening daar onder die paviljoen gestort het en daarvandaan die dorp ingevaar het om die aand te geniet.  Soos in die inleiding verduidelik, leef sommige rolspelers, of hulle nasate nog en dus gee ek aan hulle skuilname.

Willem was kaptein van die dorp se eerstespan. Willem was 'n fris boerseun en mooi van

aansien. Hy was goedgemanierd, soos n mens van 'n persoon, met 'n goeie agtergrond, sal verwag. Daarby was hy skatryk, aangesien beide sy ouers oorlede is en hy, as enigste kind, die drie spogplase langs die rivier, saam met al die kontant en die res van die boedel, geërf het. Willem was baie gewild onder sy maters en ook onder die skoner geslag. Met al die genoemde pluspunte, was hy dan ook die droomman vir elke potensiële skoonma. Tog is Willem selde saam met een spesifieke nooi of vriendin gesien. Mettertyd het baie van die hoopvolles begin moed opgee en sommiges het selfs venynige opmerkings agter hul bakhande gefluister. Hierdie man se klipharde spel op die rugbyveld en ook die feit dat hy elke jaar die plaaslike uithou-wedren met sy swart hings, Satan, gewen het, het mense daarvan weerhou om hul 'vermoedens' hardop te fluister.

So sit die manne dan weer een aand in die kleedkamer en bespiegel oor wat die aand vir hulle mag inhou. Klein Gert, die span se stoutgat, het 'n paar biere in sy sportsak en skink

vir elke man 'n plastiekglas vol, sodra hy onder die stort uitkom. Klein Koos, van Oom Koos Laggies, het 'n afspraak met die nuwe onderwyseres by die Laerskool. Klein Gert sê hy gaan nog eers 'n rukkie vasbyt met die prokureur se tikster. Almal beplan en bespiegel. Dit klink omtrent soos 'n henne-party. Toe Willem onder die stort uitkom, gee Gertjie vir hom 'n glas bier en wil weet wat hy vir die aand beplan. Willem sluk sy bier vinnig en sê dat hy wil vroeg huis toe. Een van sy voormanne en 'n span werkers was teen skemer nog besig om 'n nuwe waterpomp by die rivier te installeer. Hy wil gaan seker maak dat alles honderd persent is. Dit is toe dat 'n vreeslike proteskoor ten hemele styg. Die spelers weier dat hierdie gewilde kaptein en vriend van hulle die aand alleen op die plaas gaan deurbring. Willem hou egter voet by stuk. Al is daar nou tien netbalspanne in die dorp, as dit by vroumense kom, hou hy hom meer eenkant. "Ek sê altyd die verkeerde goed en dan is die hele aand 'n totale mislukking," is sy verweer. Dit is toe dat Gertjie wil weet: "Maar *Cappie*, daar is tog seker 'n nooi met wie

jy sal wil uitgaan. Onthou jy moet begin dink aan 'n erfgenaam."

Die manne hou aan en Willem swig: "Natuurlik is daar. Sy is die dogter van een van my voormanne en juis nou hier vir die universiteitsvakansie. Sy's mooier as 'n mens. Vir haar sal ek deur 'n muur kan loop." Skielik dreun dit soos elke man wil raad gee. Rikus, van oom Ryk Hendrik, maak die manne stil en sê: "Willem, sien jy hierdie nooi darem so nou en dan?" en Willem antwoord bevestigend: "Elke oggend, wanneer ek die werkers se dagtake uitdeel, kom sy met haar vosmerrie daar oor die werf, in die rigting van die rivier. Dit is een van Liefling se vullens. Toe haar pa dit wou koop en ek hoor dis vir haar, het ek die perd aan hulle geskenk." "Daar het jy dit, ou maat!" sê Rikus. "Hier is die plan. Vanaand, as jy by die huis kom, verf jy vir Satan groen met daai nuwe waterbasis-verf, wat die koöperasie verkoop. Môre-oggend saal jy op en wag haar in. Sy sal sekerlik wil weet waarom die perd groen is. Dan vertel jy haar 'n storie van eksperimente met

kamoeflering by die buurtwag, terwyl jy langs haar inval. As julle naby die rivier kom, daag jy haar uit om te kyk wie is eerste in die water. Onthou om Satan bietjie in te hou en laat die vosmerrie wen. Dis alles goedjies wat help. By die rivier gekom, begin trek jy skoene en hemp uit, terwyl jy haar weer uitdaagom saam te swem. As sy eers daai gespierde lyf gesien het, is die saak halfpad gewen. Jy duik in en 'hou ogies toe' terwyl sy van meeste van haar klere ontslae raak. As julle in die water is, begin jy spat-spat. Later is dit jaag-jaag en vang-vang. Jy sal sommer sien. Een ding lei tot 'n ander."

Willem sê toe vir Rikus: "Dit, ou maat, is die beste raad wat ek in 'n lang tyd gehoor het. Ek gaan nou vinnig 'n paar biere saam met julle drink. Dan kan ek sommer daarvandaan vir Soutie bel om te reël dat hy vir my oopsluit vir die groen verf. Hy kan dit môre op my rekening sit."

Drie biere later, is Willem met 'n koor van 'beste wense' daar weg om die verf by Soutie se huis te gaan oplaai. Toe die son se eerste strale die

volgende oggend oor die plaaswerf val, is daar nie 'n siel in sig nie.  Willem het almal hul opdragte gegee en in 'n rigting gestuur.  Satan het al sy tweede laag groen verf op en Willem hou hom met moeite in.  Die hings voel sy baas se opgewondenheid aan en wil net hardloop. Dan gebeur dit.  In die stilte van die vroeë oggend kom die geluid van die vosmerrie se hoewe oor die werf.  Toe die nooi langs Willem kom, hou sy die merrie in en sê:  "Môre Willem, en dié groen perd?"  En Willem sê: "Want vandag gaan ek jou vry dat jou tone krul!"

Op 'n nuwe intrekker in die distrik se vraag, het vader geantwoord:  "Willem het nooit gesê wat verder gebeur het nie.  Hulle is egter vandag nog steeds gelukkig getroud.  As jy op hul plaaswerf kom, is daar 'n brons standbeeld van 'n perd. Wind en weer het die brons al groen verkleur. Net die beeld se neus blink, want elke keer as Willem daar verbyloop, vryf hy oor die beeld se neus en kry so 'n snaakse grynslag op sy bakkies.

108.

*Aambeie in die Jagveld*

Ek het hierdie storie, lank gelede, vir my ou maat, Tolla van der Merwe, vertel. Hy het dit toe op sy skitterende manier, die land ingestuur.

Drie van oorlede vader se goeie vriende het gereeld op 'n Vrydagaand by ons huis kom kuier. Die vier manne het om die kombuistafel gesit. Elk met 'n glas en 'n beker water in die middel, terwyl die vier vroue voor die Aga-stoof sit of iewers op 'n ander plek in die huis met iets besig was. Die manne sou ongestoord daar sit en gesels, tot een dan vir my vra om 'n bottel Moses in die Mandjie *(Viceroy*-brandewyn*)* onder sy bakkie se sitplek, te gaan kry. Die volgende het ek dikwels gehoor: "Wees tog versigtig, Darra. Die ding kos nou al amper R5." Die manne sou dan verder gesels, totdat een van hulle die bottel se prop afhaal en dit, tussen sy duim en voorvinger, platdruk. Hy het dan sy leë glas so ongeveer kwart volgemaak met *Viceroy* en dit met een teug afsluk. Sonder om 'n gesig te trek,

sou hy dan rustig die glas half vol water maak en dit agterna jaag.

Oom Gerrit, oorlede vader en oom Kakka Boy (so genoem vanweë 'n liedjie, wat hy altyd op sy ghitaar gespeel het), asook oom Koos Sopbeen, die slagter op die dorp, was die manne in hierdie viertal.

Oom Koos het altyd 'n aktetas, met kontant by hom gehad, vir ingeval hy 'n slagding of slaggoed teen 'n goeie prys kon kry. Hy het nie brandewyn saam met die ander drie gedrink nie, maar 'Wieskie' soos hy dit genoem het. Dié was ook in sy tas. Een aand haal oom Koos nie sy bottel uit nie en toe die ander drie later weer deur hul ritueel gaan, vra vader: "Koos, vir wat sal jy nou vanaand agterbly?" waarop oom Koos antwoord: "Kêrels, ek vrek van die aambeie en drank is soos groenvoer vir die goed, maar ag wat, terwyl julle so aanhou..." en hy sit die aktetas voor hom op die tafel neer. Dis toe dat oom Gerrit sê: "Koos, terwyl jy nou jou kontantgeld voor jou het... Ek het vooruit betaal vir volgende week se jag in die Kalahari.

Almal in die groep het my betaal, behalwe jy. Jy's n regte blêrrie Jood. Ek sukkel elke jaar met jou."

Dit bring my dan by hierdie jaarlikse jagtog in die Kalahari. Vader en oom Gerrit het altyd 'n dag voor die res van die groep, van omtrent agt manne, gery. Hulle het op 'n neef van oom Gerrit se plaas gejag. Daar gekom, het laasgenoemde dan sy werkers gebring om te help kamp opslaan en vuurmaakhout af te laai. Daardie eerste aand, nadat alles gedoen is, het die manne met 'n yskoue bier langs die kampvuur afgeskop. Die eienaar was by en later het 'n sersant en 'n konstabel van die naaste polisiekantoor by hulle aangesluit. Terwyl die sersant dan daar by die vuur saam met die manne agterbly, het die konstabel en een van die plaaswerkers, wat die jaglamp moes hanteer, gou gery om tien steenbokkies te skiet. Hierdie vleis is dan, behalwe 'n paar keursnitte, saam met vleis, wat deur die eienaar verskaf is, asook die vet van vetstert-skape gebruik om die heerlikste wors daar op die plaas te maak. Teen die tyd dat

die jagtog verby was, was daardie wors so te sê droog en kon veilig en maklik vervoer word. Terwyl die werkers die bokkies afslag, het die konstabel 'n bier saam met die manne gedrink en daarna het hulle vertrek om toe te sien dat wet en orde gehandhaaf word.

Vader vertel dat oom Gerrit, terwyl die werkers die bokkies afslag, met 'n kastrol in hulle rigting gestap het, sonder om enigiets te sê. Die rede sal binnekort duidelik wees, want met sy terugkeer na die vuur het hy, platjie wat hy was, net gegrinnik en gesê: "Hou dop. Môre-aand wag 'n lekker verrassing op Sopbeen." Toe die res van die geselskap die volgende middag laat daar aankom, was almal in 'n vrolike bui - veral oom Soppies. Hy was passasier in een van die voertuie en het heelpad op 'n opgeblaasde binneband van 'n bromponie gesit. Sy aambei-probleem was skoon vergete. Die ou was duidelik van plan om in te haal, nadat hy vir 'n week lank 'n geheel-onthouer was. Dié het hy dan ook met ywer aangepak. Die gevolg was dat hy, net nadat die eerste lewer en netvet gaar was,

na sy tent verkas het. Teen die tyd dat die res van die geselskap begin regmaak om te gaan slaap en die eienaar al huistoe vertrek het, neem oom Gerrit die kastrolletjie en verdwyn in die snorkende oom Soppies se tent. In die kastrol was 'n stuk lewer, die niertjies en 'n stuk dunderm, wat weerskante geknoop was. Hierdie binnegoed van 'n steenbokkie, druk hy toe voor by oom Soppies se sweetpakbroek in. Hy kom met 'n grinnik uit die tent en sê: "Môre-oggend gaan julle 'n ding sien."

Daardie volgende oggend is almal reeds vroeg al om die vuur, besig om koffie te drink, toe oom Sopbeen buite sy tent verskyn met 'n rol toiletpapier in die een hand. Sonder om te groet, neem hy 'n graaf en verdwyn in die rigting van die plaat doringbosse, wat 'n entjie van die kamp af groei. Die ou het glo redelik lank weggebly en toe hy terugkom sê hy: "Kêrels, julle moet my asseblief help om op 'n matras agter op een van die bakkies te kom. Dan moet iemand my asseblief by 'n dokter kry. My hele fondament het laasnag uitgesak.

"Waarom was jy so lank weg?" wou almal gelyktydig weet en oom Soppies sê: "Ek het my dood gesukkel, maar kry nie die blerrie goed terug in my lyf nie!" Die manne het hom nog vir 'n wyle laat ly en toe met die hele sak patats voor 'n dag gekom. Oom Soppies was blykbaar so verlig, dat hy maar saam gelag het.

Terug by die huis, koop hy later 'n slagos by oom Gerrit. Hy gee hom sy prys, minus die bedrag op 'n ekstra kontantstrokie. Dit was die koste van 'n nuwe sweetpakbroek!

109.

*Paultjie vat vrou*

Die vallei, waar ek gebore is en grootgeword het, is bekend vir sy vrugbare grond. Wyle dominee Botha het altyd gesê: "Toe die Skepper die aarde gemaak het, het Hy vir 'n wyle hier gehurk om te rus. Met die opstaan het Sy vingers op die grond gedruk. Daarom is dit so vrugbaar hier." So ook is die inwoners van hierdie streek, ware 'sout van die aarde'- mense. Almal is menslik en het hulle onderskeie foute, geite en grille, maar as dit by saamstaan en empatie vir jou medemens kom, is dit die plek waar jy wil wees. Een van die gesinne, wat hier gewoon het, was oom Paul Cilliers en sy vrou, met hul seun. Hy is 'Paultjie' genoem, om hom van sy pa, Paul, te onderskei. Die tante was oorspronklik Johanna, die dogter van dowe oom At Stander, wat opsigter by die hoërskool op die dorp was. Toe sy egter Cilliers word en toegang tot oom Paul se rykdom het, (ja, hy was, soos oorlede vader sou sê, 'stinkryk') het sy skielik *Jo-ann* geword en slegs mense met aansien het

by haar saak gemaak. Sy was werklik een van die grootste snobs wat 'n mens kon kry. Daarenteen was oom Paul 'n dierbare mens, wie se rykdom nie sy menswees aangetas het nie. Hul seun het baie na sy pa ge-aard. Paultjie was nou nie juis 'n *oil painting* nie, maar vanweë sy mooi ge-aardheid, was hy baie gewild onder almal, wat hom ken. Wat Paultjie egter wel was, is welbedeeld, soos sy rugbymaats, wat saam met hom gestort het, sal kan getuig. Paultjie het nooit 'n verhouding met 'n lid van die skoner geslag gehad nie en sommer so in die bondel gevry. Toe gebeur dit eendag. Paultjie stap by die plaaslike koöperasie in en daar sien hy haar. Sy keel trek toe, sy hart galop en sy knieë word lam. Daar in die administratiewe afdeling, agter 'n tikmasjien, sit die mooiste wese, wat hy ooit aanskou het. Toe sy opkyk en sien dat hy na haar staar, bloos sy bloedrooi.

Paultjie was dadelik tot oor sy ore verlief en die nooientjie, Lettie Pienaar, was eensaam. Die rede? Sy het 'n spraakprobleem gehad en kon sekere letters van die alfabet nie uitspreek nie,

veral die letter 'P' was vir haar 'n probleem.  Sy het haarself voorgestel as "Lettie Ienaar." "Perskes" was by haar "Erskes" en "Piesangs" was "Iesangs."  Sy het eenvoudig net die letters, wat sy nie kon uitspreek nie, uitgelaat.  Dit het Paultjie geensins gepla nie en kort voor lank neem hy haar plaas toe, om aan sy ouers voor te stel.  Oom Paul het haar met ope arms verwelkom.  Hy het instinktief geweet dat hierdie nooi eendag die ma van sy kleinkinders gaan wees.  Tant Jo-Ann was egter kil en het aanvanklik gehoop dat die verliefdheid van haar seun sou verbygaan.  Toe dit nie gebeur nie, verander sy haar strategie.  Dit sou die troue van die dekade wees, maar daar sal iets aan Lettie se probleem gedoen moet word.  Dus wen sy eers Lettie se vertroue en oortuig haar om 'n spraakterapeut te gaan sien.  Tant Jo-Ann betaal Lettie se reis- en verblyfkoste en stuur haar stad toe, waar 'n spraakterapeut haar sal behandel. Teen die tyd dat hulle haar twee weke later gaan haal, kon Lettie die letter 'P' pragtig sê.  Op pad terug, praat sy sonder ophou.  Paultjie moet haar tog leer <u>P</u>erdry.  Kweek hulle taai<u>P</u>it-<u>P</u>erskes op

die Plaas? So babbel sy voort, terwyl 'n verligte tant Jo-Ann tevrede glimlag. Die terapeut het egter gewaarsku dat die probleem wel kan terugkeer as Lettie baie groot sou skrik.

Die huwelik vind 'n paar weke later plaas. Al wat leef en beef was genooi en 'n oorvloed kos en drank was beskikbaar. Toe die stralende egpaar laataand op hul wittebrood vertrek, was dit onder luide toejuiging en vele wyshede van die bruilofgaste. Toe die twee 'n paar weke later terugkeer, het mense agtergekom dat Lettie weer vir Paultjie 'Aultjie' noem, maar niemand het iets daaroor gesê nie. Dan was sy ook slim en het meeste woorde, met 'n 'P', vermy as sy praat.

Ek het nie vir oupa Paul en ouma Jo-Ann geken nie. Hulle is oorlede toe ek nog baie klein was. Oom Paul, dis nou die seun, Paultjie, en vader was skoolmaats en hul vriendskap het voortgeduur tot die dag dat oom Paul in 'n motorongeluk omkom. Tannie Lettie het versoek dat vader die huldeblyk op die begrafnis lewer. So drie dae na die begrafnis, sit die viermanskap weer een Vrydagaand om ons

kombuistafel. Die vrouens was iewers in die naaldwerkkamer met iets doenig. Dis toe dat oom Soppies vir vader vra of hy ooit kon uitvind waarom tant Lettie se probleem weer teruggekom het. Vader sê toe: "Ja, Paul het my vertel. Waar hy nou is, sal hy sekerlik nie omgee as ek dit met julle deel nie. Eer asseblief sy nagedagtenis en behandel te alle tye vir Lettie soos die ware dame wat sy is."

Paultjie het vir vader gesê dat hulle met die wittebrood die aand laat by hulle hotel aangekom het. Hulle het sommer iets ligs vir ete in hul kamer gereël en toe 'n drankie in die dameskroeg gaan drink. Daar het 'n skamerige Lettie verskoning gemaak, toe hy 'n tweede drankie bestel en gesê dat sy solank gaan bad en vir hom wag. Toe Paultjie 'n kort rukkie later in die kamer kom, was sy nog in die bad. Hy dink dis dalk nie 'n slegte idee om die eerste aand saam met die bruid te bad nie.

Vinnig trek hy sy klere uit en bind sommer 'n handoek om die lyf toe hy na die badkamer stap. Daar nooi sy hom skamerig om in te klim.  Hy laat val die handoek en toe gebeur dit.

Lettie stamel met groot oë:

"Aultjie, nou weet ek waarom jou *elle* vir jou *Erd* noem!"

110.

*Koos word haarkapper*

Een van vader se vriende, Koos Sopbeen (Ja, dis weer ou Koos van die slaghuis) se broer, oom Daan, het naby ons geboer. Hy was 'n regte knorpot en lief om saam met die haarkapper, oom Jurgens, by die plaaslike kroeg vas te haak. Gerugte het die rondte gedoen, dat hy dan, as hy by die huis kom, sy vrou en kinders mishandel. Die gemeenskap het gewonder en vermoed, maar niemand het ooit moeite gedoen om die waarheid vas te stel nie, aangesien hulle met niemand gemeng en niemand ooit gepla het nie. Die oudste seun was twee jaar ouer as ek, maar ons was saam in dieselfde klas. Koos was sy naam en hy was nie baie skerp as dit by leer en skoolwerk kom nie. Daar op die plaas, in sy groentetuin of by sy duiwehok, was hy op sy gelukkigste. Ek het gereeld daar by *Kola*, soos ek hom genoem het, 'n draai gaan maak om duifeiers uit te ruil. Koos was klein gebou vir sy ouderdom. In daardie jare was spesiale onderrig vir leerlinge met probleme, nie oral beskikbaar

nie. Dus moes die ou maar met die normale skoolwerk worstel. Toe die plaasskool deur die departement gesluit word, moes die paar kinders vandaar na die koshuis op die dorp. Die ouers het gewoonlik onderling gereël en beurte gemaak om Vrydae die spulletjie te gaan haal en Maandae, vroegoggend, weer terug te neem. Vader het n *1953 Plymouth Fury* as 'n groot winskoop op 'n bankrotveiling gekoop. In daardie jare was dit een van die mooiste rygoed wat jy kon kry. Hierdie een was swart met skitterblink chroomafwerking. Die leersitplekke se kleur was 'n ligte poeierblou en ek moet sê: Waar ons ookal gery het, het die koppe gedraai. Koos het gereeld saam met ons gery en dit was sy droom om so 'n voertuig te besit wanneer hy eendag groot is.

In die koshuis beland ek en Kola in dieselfde kamer. Ek het hom baie met huiswerk gehelp en moes soms ook 'vleisklippe' gooi om hom teen boelies te beskerm. So moes ek 'n hele paar keer buk vir ses van die bestes, wanneer een of ander boelie weer bloedbek na die onnies toe

gehardloop het. Met die leerdery wou dinge net nie vlot nie en sy eerste jaar in die hoërskool, druip Kola standerd ses, oftewel graad agt, in vandag se terme. 'n Week later, het hy vir my, wie nou sy absolute vertroueling was, gesê: "My pa het my 'n helse pak slae gegee. Hy sê as ek volgende jaar weer dop, haal hy my uit die skool uit. Hy't al klaar met oom Jurgens gereël om my te leer hare sny." Die nuwe skooljaar het aangebreek, gou verby gegaan, en wragtig: Daar druip arme Koos weer. Hierdie keer kon 'n mens die houe oral op sy arms en bene sien en binne twee dae, word hy by oom Jurgens afgelaai, met die woorde: "As hy nie vir jou luister nie, foeter jy hom. Ek gee jou die reg." So het Koos dan ook daagliks sy kwota klappe en oorveë van 'n venynige ou Jurgens ontvang. Hy het eendag vir my gesê: "Darra, jy moet mooi kyk. Ek gaan daai ou man nog terugkry." En 'terugkry' het hy. Sien, Koos moes gereeld vir oom Jurgens koffie maak. Iewers kry hy 'n bitter sjokolade-geur *Brooklax*. Dit was 'n middel om jou maag aan die gang te kry. Een Vrydagoggend gooi hy 'n vierdubbel dosis in oom Jurgens se koffie.

Vrydae is gewoonlik hul besige tyd en ook heel toevallig die dag waarop dominee Gericke inkom vir sy maandelikse sessie, wat hare sny en 'n skeer insluit. Gou-gou is sy hare geknip en Koos word aangesê om skuim te smeer. Oom Jurgens het net begin skeer, toe die *Brooklax* inskop. Vinnig maak hy verskoning en vra of dominee sal omgee as Koos aangaan. Dominee gee nie om nie en 'n senuagtige Koos begin skeer met daardie lang vlymskerp skeermeslem. Reg onder die dominee se neus is 'n lastige haartjie en net toe Koos dit wil bykom, laat 'n rukwind een van die buitedeure agter in die winkel toeklap. Koos skrik hom boeglam en sny dominee se neusvleuel raak. Terwyl hy sukkel om die bloeding te stop, keer oom Jurgens terug. Hy sien wat gebeur het en haal oor om Koos 'n snotklap te gee. Koos is egter nie dom nie. Hy hou oom Jurgens in die spieël dop en koes betyds. Oom Jurgens klap die arme predikant byna bewusteloos. Dit was nou vir jou 'n ding!

Oom Jurgens vra verskriklik om verskoning en hulle lawe vir dominee.  Laasgenoemde is 'n man van die Woord en alles word net daar vergewe.  Verlig begin oom Jurgens verder skeer en toe skop *Brooklax* se kind sommer ernstig in. Hy maak verskoning terwyl hy al in die rigting van die badkamer trippel.  Dominee verseker hom dis reg en Koos kan maar voortgaan.  Tot laasgenoemde se verbasing, verloop die skeerdery seepglad.  Dis egter net toe hy dominee se een oorlel tussen duim en voorvinger effens wil oplig om 'n laaste haartjie by te kom, dat daai blêrrie deur weer klap.  Hierdie keer is die skrik nog groter en Koos sny 'n stuk van dominee se oor morsaf.  Die stuk oor lê bebloed op die wit doek om sy nek en skoot.

Terwyl Koos 'n stuk watte teen die wond druk, sien hy die stuk oor in dominee se skoot en sê verbouereerd:

"Ag jinne tog dominee.  Vat daai oor en druk dit in jou broeksak.  As my baas dit sien, gaan hy jou vandag dood klap!"

NS: Kola het later 'n uitstekende boer uitgedraai en ook die *Plymouth* by vader gekoop.  Hy is nog steeds die trotse eienaar daarvan.

111.

*Eric het Gedênk*

Toe ek my verstand kry, met ander woorde, vandat ek kan onthou, was Eric maar op die plaas.  Vader het gesê dat hy eendag asvaal, verwese en honger daar aangekom het en in 'n mengsel van gebroke Engels en Afrikaans, verduidelik het dat hy werk soek.  Op 'n vrugteplaas, wat ook ander boerderyvertakkings insluit, is daar altyd 'n tekort aan hande. Aangesien die vorige skaapwagter juis twee weke voor dit oorlede is en een van die plaaswerkers se vrou en kinders solank uitgehelp het, het Eric toe amptelik die skaapwagter geword.  Hy sou voortaan na die welstand van die troppie Merino's omsien en die huisie bokant die veekraal gebruik.  Elke tweede Sondag sou hy die dag verlof hê.  Nadat daar oor 'n weeklikse loon ooreengekom is, het hy 'n voorskot gevra. Daarmee het hy 'n klein kastrol en ketel, asook mieliemeel, broodmeel, koffie, sout, suiker en tabak by die plaaswinkel gekoop. In die bladsak, wat aan 'n band oor sy skouer

hang, was die res van sy aardsbesittings. 'n Blikbeker, driepoot-potjie, 'n paar kledingstukke en 'n kombers. Moeder het haar dadelik ontferm en klere en beddegoed verskaf. Dit is met 'n skitterwit glimlag en groot dank aanvaar. Aangesien moeder 'n bobaaskok was en sy daarvoor gereeld komplimente gekry het, was sy teleurgesteld dat kos, wat sy met die huishulp stuur, nie juis aftrek kry nie. Vir Eric was sy mieliepap en roosterbrood koningskos. Sy vleis het hy in die veld gekry. Hase, fisante en patryse het gereeld hul weg na sy potjie gevind. Daarby het hy ook bessies, bolle en knolle in die veld geoes. Ook het hy elke oggend, voor hy sy trop veld toe jaag, 'n skoon bottel vir sy daaglikse melk by die melkstal kom afgee. Saans het hy dit weer kom kry. Hy was geensins gepla as die melk suur word nie. Dit is wat hy wou hê.

Sy aanstelling as skaapwagter het onmiddellik geblyk, 'n groot sukses te wees. Sommer die eerste dag het hy 'n ou beesvel gebedel en daarvan, nadat hy dit vir twee weke lank gebrei

en bewerk het, vir hom 'n sweep aan 'n lang stok gevleg. Ook vader het 'n karwats, wat vandag nog in my besit is, ontvang. Van die oorblywende vel het Eric riempies gesny om 'n veldstoeltjie te maak. Daarop het hy saans en naweke langs sy vuurtjie gesit en die mooiste patrone op sy sweepstok en knopkierie uitgekerf. Met die sweep het hy sy trop beheer, soos wat 'n drilsersant nie eens 'n peleton op die paradegrond kan beheer nie. Daardie jare is ongediertes (bobbejane wat lammers vang om die pens met melk te kry, het ook hieronder getel) voor die voet uitgeroei. Wanneer Eric 'n rooikat doodgemaak het, is dit afgeslag. Die hart en lewer het hy gaargemaak en geëet. Dit sou hom glo 'sterk en dapper' hou. Die vel is dan ingesout, gedroog en vir 'n sakkie tabak aan die jakkalsjagter van die afdelingsraad verruil. Laasgenoemde het dit dan vir kontantbetaling ingehandig. Ek kan werklik 'n boek vol skryf oor alles wat ek by Eric geleer het. Die ongelooflikste ketties en 'n slingervel, die pragtigste boog en pyle, waarop enige outydse kryger trots sou wees, die stel van wippe en

strikke en vele, vele meer. Ek wil egter skryf oor hierdie kind van die veld, se besonderse sin vir humor. Onder andere was hy lief daarvoor om 'n toehoorder se volle aandag met 'n interessante storie te kry. Sodra dit gebeur, sou hy met 'n heel irrelevante stelling, die wind uit jou seile haal, en as dit gebeur, het hy gelag dat die trane loop.

So gebeur dit, dat vader een middag in die veld by hom aanry. Eric sit en rook op 'n miershoop, terwyl sy sweepstok soos 'n antenna langs hom staan. Sy elmboog is op een knie en hy staar doer in die verte. Toe vader by hom stilhou, vra hy hoekom hy so sit en staar. Eric antwoord: "Frikkieman," soos hy vader genoem het, "Ek dênk..." Vader wil weet wat hy dink en Eric gaan voort: "Ek kyk hom darrie miere by hulle paadjie-tjie. Een mier het hom die stokkie by die bek. Hy stap *left side* van die klêp. Ek dênk. Wat dênk darrie mier? Nog 'n mier hy het hom die grassie-tjie by die bek. Hy stap *right side* van die klêp. Ek dênk. Wat dênk darrie mier? Nog ander mier hy het hom die saadjie by die

bek.  Hy stap bo-oor die klêp.  Ek dênk.  Wat dênk darrie mier?  Nou ek dênk diep.  Ek kyk daar vêr.  Daar sit errevark.  Ek dênk.  Wat dênk errevark?  Errevark, hy kyk op by die lug.  Ek kyk ook op by die lug.  Daar ek sien hom is arend bokant errevark.  Hy bly daar by *one spot* in die lug.  Ek dênk wat dênk arend?  Toe wys arend wat hy dênk.  Hy maak darrie vlerke toe.  Hy kom vinnig by errevark.  Hy gryp errevark hier by die rug.  Nou errevark is vet vark.  Arend hy sukkel om met die vet vark by die lug te kom.  Hy klap-klap die vlerke.  Errevark hy skreeu nou soos maer vark.

Frikkieman, ek dênk errevark hy hou boggerol van vlieg!






# KRY ‘N GRATIS HIGHLEVEL STELSEL!

Die diesel agter die Dik Wors masjien is Digital Eden. Ons beveel aan dat jy hulle gratis nuusbrief propvol waarde geniet! ***HighLevel* is the world’s most powerful and respected AI-powered business operating system. All the tools you need to capture, nurture and close new leads into bookings, sales, reviews and repeat customers!** Jy kan oneindige sub-stelsels oopmaak, en daar is ‘n video kursus wat jou vinnig sal leer om dit te gerbuik. Gebruik HighLevel vir jou eie besgheid, of begin more jou eie agentskap wat verkoop aan klein besighede wat maandeliks betaal!

## MYDIGITALEDEN.COM 🚀

*Vir my mense.*

*Vir my taal.*




# Vertel jou vriende van

# [www.dikwors.co.za](http://www.dikwors.co.za)